Skriflesing: 2 Timotheus 1: 3 - 2:13
Teks: **2 Timotheus 2: 3 - 6**
Sing: VOORAF SANG – Ps. 33:11
TYDENS EREDIENS – Ps. 100: 1,4; Ps. 32:1; Ps. 66:2,9; Ps. 77:1,6
2 Timotheus 1:3 – 2:13

2Ti 1:3 Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink.
2Ti 1:4 Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees.
2Ti 1:5 Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.
2Ti 1:6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas.
2Ti 1:7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.
2Ti 1:8 Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee.
2Ti 1:9 Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het.
2Ti 1:10 Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring.
2Ti 1:11 Van hierdie evangelie het Hy my aangestel as prediker en apostel en leraar.
2Ti 1:12 Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.
2Ti 1:13 Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het.
2Ti 1:14 Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.
2Ti 1:15 Soos jy weet, het almal in die provinsie Asië my in die steek gelaat. Onder hulle is daar ook Figelus en Hermogenes.
2Ti 1:16 Mag die Here barmhartigheid bewys aan die huisgesin van Onesiforus, want hy het my dikwels kom opbeur. Hy het hom nie daarvoor geskaam dat ek in boeie sit nie,
2Ti 1:17 maar toe hy in Rome kom, het hy ywerig na my gesoek tot hy my gekry het.
2Ti 1:18 Mag die Here gee dat hy by Hom ontferming vind op die dag dat Hy weer kom. En wat Onesiforus alles in Efese vir my gedoen het, weet jy self baie goed.

2Ti 2:1 Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het.
2Ti 2:2 Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.
2Ti 2:3 Dra jou deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus.
2Ti 2:4 'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie.
2Ti 2:5 'n Atleet wat aan 'n wedstryd deelneem, kan die prys wen slegs as hy volgens die reëls meeding.
2Ti 2:6 Die boer wat die harde werk doen, behoort eerste 'n deel van die oes te kry.
2Ti 2:7 Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan.
2Ti 2:8 Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig.
2Ti 2:9 Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie.
2Ti 2:10 Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang.
2Ti 2:11 Dit is 'n betroubare woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe;
2Ti 2:12 as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer; as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën;
2Ti 2:13 as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie.

<u>Skriflesing:</u> 2 Timotheus 1: 3 - 2:13
Teks: **2 Timotheus 2: 3 - 6**
Sing: VOORAF SANG – Ps. 33:11
TYDENS EREDIENS – Ps. 100: 1,4; Ps. 32:1; Ps. 66:2,9; Ps. 77:1,6
Geliefdes in ons Here Jesus Christus, toe ons met Nagmaal die tweede brief van Timotheus begin lees het, was dit duidelik Paulus en Timotheus was nie op goeie plekke in hulle lewe nie. In die begin van die brief was dit alreeds duidelik Paulus is bekommerd oor Timotheus, al is hy wat Paulus is, diep in die dodesel in Rome. Hy is in boeie. Tog is Paulus begaan oor Timotheus wat dit voorkom dinge in die kerk in Efese raak vir Timotheus te veel. Timotheus was besig om moed te verloor.

Die kerk word nie wat hulle twéé se verwagtinge was nie. Dit maak dat mense moed kan verloor, jy raak al meer teleurgesteld, traag, lusteloos. Dit wat besig was om met Timotheus te gebeur. Daarom dat Paulus Timotheus moes aanspoor, om net weer te doen wat hy weet gedoen moet word. Moet jou nie teen die omstandighede vas staar nie. In hoofstuk 1 is Paulus se eerste deel 'n dankgebed, al lyk die werklikheid nie asof God gedank kan word vir wat aan die gang is nie.

Daarom mag Timotheus nie Paulus se eerste brief aan hom vergeet nie. Hy moet weer aan alles herinner word! Die eerste Timotheus-brief wat ons deurgewerk het, is werklik 'n groot deel geskryf om te wys, hoe lyk die kerk wat God se kerk is. Hoe word daar gebid, hoe moet mans se gedrag in die kerk wees, die besondere plek van vroue in die kerk, die vereistes van ouderlinge en diakens, weduwees, jong vrouens ... pragtig hoe al die dinge bymekaar moet kom. Hoe elkeen hom/haar in die huisgesin van God moet gedra, die huisgesin wat ons God se kerk noem.

***

Toe het ons die tweede Timotheus brief se eerste hoofstuk op 26 Mei net so oorsigtelik gelees, Nagmaal gevier en ons nabetragting was, ons moet nie moed verloor nie. U sal onthou Paulus wou by wyse van herinnering Timotheus opwek tot wat in sy onmiddellike verlede gebeur het. Ek en jy, Timotheus ons moet God se werk voor oë hou, moet nie na mense kyk nie. Dan noem Paulus besonder drie dinge wat Timotheus nie mag vergeet nie. Kyk na my, Timotheus, ek dien God, ek dien hom selfs hier diep in die dodesel, dit stink, dis bedompig, dis donker, my dood is naby, maar soos my voorouers dien ek God met 'n skoon gewete.

Dan noem Paulus ook Timotheus se onmiddellike voorgeslag. Jou pa was wel ’n heidense Griek, hom noem ons nie, hy is seker ook nie gered nie, maar jou ma en jou ouma, Eunice en Lois, ons mag hulle nie vergeet nie. Sien ook die geloof raak wat in hulle was. Hoe Christus hulle uit die Judaïsme na Hom getrek het. Die Judaïstiese geloof was eintlik maar net deel van God se trapklippe, dat God jou en my en jou onmiddellike voorgeslag by Christus kon uitbring.

***

Timotheus jy wil nou moed opgee, jy raak huiwerig, jy raak skaam, jy word al meer skugter, jy wil nie meer preek nie. Wat help dit tog, het ek ander mense jou hoor sê! Selfs hoor ek dat jy eintlik vir die gemeente bang geword het, want hulle wil eenvoudig nie luister wat God deur jou vir hulle sê nie. Lees ons Handelinge, toe was Timotheus nog baie entoesiasties, hy was ywerig, werklik ’n medewerker en helper vir Paulus, maar nou?! Nou moet Paulus ’n tweede keer aan Timotheus skrywe, want benewens dat dit in die kerk in Efese nie goed gaan waar Timotheus was nie, gaan dit met die herder van die gemeente ook nie goed nie.

***

Op ’n besonder pastorale wyse skryf Paulus dat Timotheus mooi moet nadink oor wat hy ontvang het en oor wat werklik die omstandighede is. Moet nie dat ons gevoelens ons parte speel nie. Aangrypend hoe Paulus Timotheus herinner aan die gawe wat hy wat Timotheus is, ontvang het. Paulus noem dit ’n *genadegawe*; dit het jy ontvang toe ek jou die hande opgelê het. En dan die aangrypende aanblaas-beeld. Jou roeping wat nou soos ’n dooie vuur in die as dreig om te smeul, blaas dit weer aan. Paulus gryp terug na Pinkster. Handelinge 2 was die Heilige Gees onder andere met tekens soos met tonge van vuur uitgestort. Laat daardie vuur-tonge weer in jou lewe inkom, blaas dit aan. Laat dit lewe!

Jy wat bang is om te preek, God het ons nie *’n gees van vreesagtigheid (of lafhartigheid) gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.* Weer dan die beklemtoning- *8 Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie* (v 8). Met ’n dienaar van Christus gebeur daar baie slegte dinge. Paulus wil daaroor geen twyfel laat nie. In eie krag sal ons nooit staande bly nie.

***

Trouens uit Paulus se geloofsbelydenis waarmee die tweede brief in sy eerste deel ’n groot deel mee gevul is, is dit alleen God deur die werk van die Heilige Gees wat aan die werk is en ons staande hou. Onthou ons leef en werk in hierdie tyd maar eintlik is ons met ewige werk besig. Ons sien hoe die Heilige Gees Paulus in staat stel om met besonder fyn

afwisseling die verband tussen die tydelike en die ewige vas te maak. Wie die aanvoeling vir die werklike werk van die kerk begin raaksien kan alleen die Heilige Gees daarvoor dank. God het sekere dinge in die ewigheid besluit maar dit is dinge wat in hierdie tydelike lewe hulle beslag moet kry. Tussen besluit en beslag lê God se ewige wil en daartussen staan ons en leef ons vóór die God wat aan alles die lewe gee.

Daartussen, tussen besluit en beslag sal daar baie ontberings wees, vandag se hoofstuk 2 kleur hierdie werklikheid net nog mooier in. Soos 'n soldaat, soos 'n atleet, soos 'n boer, elke een van hierdie voorbeelde is mense wat hard moet werk om te kom, waar hulle moet uitkom. Dit is wel alles tydelike werke, maar weereens die fyn verbande tussen die tydelike en die ewige, mag God se kinders nie ontglip nie. In hfst. 1 het ons al te doen gehad met tye wat dit werklik met die gelowige nie goed sal gaan nie, soos 'n boer of 'n krygsman (soldaat) jou ook sal kan wys. Oorlog is nie maklik nie, boerdery is ook nie maklik nie. 'n Atleet moet elke spiertjie oefen en kan inspan om werklik 'n wenner te wees. Wie halfhartig of dalk selfs lafhartig oefen, moet eerder nie eers vir die wedloop opdaag nie.

***

Aan die ander kant, al gaan daar ontberings en lyding en seerkry wees, is my en jou bediening iets van 'n "heilsketting". So skryf 'n moedige Paulus aan 'n neerslagtige Timotheus, onthou die ketting begin by God en dit sal weer by God eindig. Verse 9-10 skakel alles soos 'n ketting aanmekaar. Ja, in hoofstuk 2 moet groot dele in die lig van hoofstuk 1 gelees word. *9 Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het. 10 Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring.*

In vv 9-12, dit wat ons noem 'n heilsketting, is dan eintlik ook soos 'n geloofsbelydenis waarmee Paulus Timotheus mee opwek. Watter voorreg dat God ons by sy heilswerk inskakel. Dit gee ons in watter omstandighede ons ook al mag wees alle rede dat ons in ons bediening op God kan bly vertrou. Enduit!

***

God gee ons die mag en krag om sy pand te bewaar. Dit gaan oor God se pand en jou pand aan God. Vers 12 werk so besonderlik met hierdie pand gedagte. God het aan ons sy bediening verpand, sou ons dalk ook kon sê. Ons lees in die vers die 2020 vertaling *dat God*

magtig is om die pand wat aan my toevertrou is, tot op hierdie dag te bewaar. Watter pragtige beeld het ons nie hier nie. ’n Pand was gewoonlik ’n waardevolle item wat as deel van ’n ooreenkoms eintlik as waarborg aan iemand toevertrou word.

***

By Paulus werk die gedagte van ’n pand in twee rigtings. Enersyds is dit God wat aan ons sy bediening toevertrou. Andersyds is dit sy dienaars wat weer iets aan die Here toevertrou. Eintlik is dit so wesentlik deel van God se verbond aan ons. Dit wat God aan Paulus en sy ander bedienaars soos Timotheus toevertrou het, is beslis sy Woord. Sy heilige Evangelie. Dit wat uitgedra moet word. Baie mense sal die Woord teëstaan en sal probeer om God se dienaars te vernietig, hulle stil te maak dat die Woord nie meer gehoor mag word nie. Die Here sal sorg dat hierdie blye Evangelie nog altyd uitgedra sal word. Dis deel van God se pand aan ons.

Die evangelie is deel van God se pand maar ook die opdrag wat Paulus van God ontvang het, is ook deel van God se pand. Moet dit nie verwaarloos nie. God is die Een wat magtig is. Hy sal sorg dat sy kant van hierdie pand bewaar sal bly. Van ons kant moet ons ook met hierdie pand van God werk. Paulus het sy lewe en sy bediening alleen net aan God wou verpand. Hy het dit alles alleen net aan God wou toevertrou. Mag God sy lewe en sy bediening bewaar, dis deel van Paulus se pand aan die Here. Al neem iemand sy liggaamlike lewe van hom af weg, nooit sal iemand hom van die ewige lewe kan beroof nie. Ja, geliefdes, hoe magtig, hoe getrou is hierdie pand wat God aan ons gegee het en wat deur God self in bewaring gehou word. Eintlik so kosbaar! Daarom Timotheus al gaan jy baie teëstand in jou werk kry, moet nie skaam wees vir die evangelie nie en moet nie moed verloor nie. Moet ook nie perspektief verloor nie.

Herinner jouself voortdurend aan die heilsboodskap wat jy bedien, soos ’n goeie soldaat, soos ’n atleet, soos ’n boer. Al hierdie dinge is soos ’n pand aan jou toevertrou wat deur God in bewaring gehou word. Jy is maar net besig om God se werk te doen, ja jy moet elk van daardie skakeltjies wat God in sy heilsketting ingewerk het, raaksien, wees bewus van elke skakeltjie in God se lang plan met jou en my lewe. Kyk mooi waar God jou by sy heilsplan alreeds ingeskakel het. Jy is ook ’n skakeltjie in God se heilsketting soos ons vanoggend hier bymekaarsit. Verryk jouself voortdurend met kennis van God, met kennis van sy Woord, verryk jouself met die oortuiging dat hoe magtig God is.

Al is daar langs die pad baie teleurstellings, bly jy by die gesonde woorde van die apostels. Paulus het geen twyfel dat dit alles wat hy oor verloop van jare aan Timotheus verkondig het, dit is suiwer, dit is die gesonde leer, daarom dat vers 14 nog weer praat van God se pand. Paulus se bediening van die Woord aan Timotheus, die *woord* wat hier genoem word, die Griekse *logos*, gewoonlik as ons van die *logos* lees, dan gaan dit om die geskrewe Woord van God. Hierdie verkondiging (hierdie *logos*) van Paulus is wat hy aan Timotheus toevertrou , wat weer teruggekom na die gedagte van dit is my pand aan jou. Hoe mooi staan dit in vers 14- Weer die 2020 Vertaling- *Bewaar die kosbare pand wat aan jou toevertrou is deur die Heilige Gees wat in ons woon.*

Dit is ’n gesonde Woord. Vir die woord *gesond* kom daar baie ander dinge in plek. Gesond het verband met daar kan genesing kom, daar is vitaliteit, daar is lewe. Jesus het ’n keer gesê *die wat gesond is, het die dokter nie nodig nie, maar die wat siek is* (Luk. 5:31). Paulus se woord aan Timotheus wil gesond maak, wil daardie lewe bring wat vrugbaar is en vrugbaar werk. Dit is vir Paulus belangrik, soos ’n soldaat, soos ’n atleet, soos ’n boer, moet daar sterk gewerk kan word, maar moet daar ook met ontferming, met liefde, met empatie gewerk kan word. Die lewe is eintlik een groot wisselwerking tussen ek moet my kragte inspan, maar nie dat ek sal breek nie, maar dat die kragte sal heelmaak, regmaak, gesond maak. Dit oet vanuit die *logos* kom. Vanuit God se Woord wat genees en vrugbaar maak. Dit is ’n fyn kuns, maar eintlik is dit dié kuns van die lewe. Kragte wat moet *inwerk* en nie *teëwerk* nie.

***

Daarom dat hoofstuk 2 kon begin met hierdie besondere oproep... *1 Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het...* Om sterk te wees het jy krag nodig, die krag wat ons so pas probeer uitspel het. Tog het ons ontferming ook nodig. Die sagter kant van krag. Hoe mooi het ons dit in vers 18 weer in hfst. 1 raakgelees- *18 Mag die Here gee dat hy by Hom ontferming vind op die dag dat Hy weer kom.* Alles het te make met die fyn kuns van *sterk wees,* maar tog baie *liefdevol* moet ek en jy sterk wees. Daar moet by ons ontferming wees. Ontferming wat ook net by die Here begin. En nou gebeur in vers 18 ’n baie mooi ding.

***

Vers 15 was ’n vers waar daar nie ontferming was nie. Mense wat eenvoudig Paulus in die steek gelaat het. Om hulle te hanteer moet ’n mens sterk wees. *15 Soos jy weet, het almal in die provinsie Asië my in die steek gelaat. Onder hulle is daar ook Figelus en Hermogenes.* Paulus brei nie uit oor hierdie twee slegte manne nie. Ons aanvaar die twee manne was aan Timotheus ook goed bekend. Dit is hoekom hy net hulle name noem en nie hulle slegte

bedoelings nie. Mense in wie Paulus aanvanklik ook potensiaal gesien het, maar hulle het hom diep teleurgestel. Paulus skryf later weer oor hulle dwaling. Manne wat dwaalleer verkondig, manne wat sê dat die opstanding reeds plaasgevind het (2 Tim 2:17-18). Hulle van wie ons dalk baie keer die meeste verwag is juis hulle wat ons ook baie diep kan teleurstel. Sulke twee manne was Figelus en Hermogenes. Teen hulle moet ons sterk kan wees.

En tog die man Onesiforus. Soveel anders as die ander twee manne. 'n Mens by wie Paulus ontferming gevind het. Die mooi kant van krag is om jou krag in liefde om te sit. Krag wat inwerk en nie teëwerk nie. So nodig! Paulus sê vir Timotheus onthou hierdie mense ook in jou lewe, jou ma, jou ouma, ek Paulus en dan die man daar in julle gemeente- *Onesiforus.* Die woord *Onesiforus* het 'n letterlike betekenis van *"voordeelbringer".* Die man was wat sy naam was- dalk was dit eintlik net 'n bynaam, maar by hom het hulle sy naam beleef. Hy bring voordeel. Paulus het by hom God se ontferming beleef. Is dit nie wat ons ook by mekaar moet kan beleef nie. God se ontferming. Uit hierdie ontferming, kry mens krag.

Mag ons vandag afsluit met die oortuiging, 'n persoonlike oortuiging, soos hoofstuk 2 ons ook wou oproep. *1 Jy dan, my seun, wees sterk ...* Ons kan dit alleen in Jesus Christus wees. Alleen deur die krag van God se Seun in sy Heilige Gees kan ons sterk wees. 'n Krag wat inwerk en nie teëwerk nie. 'n Krag soos dié van Onesiforus en juis nie soos die van Figelus en Hermogenes nie. Wees sterk soos 'n soldaat, soos 'n atleet, soos 'n boer. Mag ons volgende keer nog weer wil hoor wat hierdie sterkte nog méér kan beteken?!

AMEN